**Gaius wandel en lewe in die Waarheid!**
**Maandag 14 Februarie 2022**
**3 Johannes 3,4** *('53 OAV)*

"3) want ek was baie bly as daar broeders kom en van jou waarheid getuig, soos jy in die waarheid wandel.
4) Ek het geen groter blydskap as dit nie, dat ek hoor dat my kinders in die waarheid wandel."

Ons is vanmôre besig met die derde laaste oordenking ivm die begrip wandel. Die skrywer is heel waarskynlik die apostel Johannes wat ook die evangelie van Johannes geskryf het. Dit is van die laaste briewe wat geskryf is in ongeveer 90-95 nC. 2 en 3 Johannes is van die kortste briewe wat geskryf is in die Nuwe Testament maar is baie persoonlik. Vir hierdie twee briewe is daar waarskynlik net een vel papirus gebruik. Johannes is heel waarskynlik nou in sy tagtiger-jare en dus 'n wyse apostel.

Hierdie briewe is geskryf in 'n tyd toe die gemeentes besoek en bedien is deur rondreisende predikers. Johannes is te oud om nou nog te reis en daarom skryf hy aan die betrokke gemeente in 2 Johannes en hier aan Gaius, die kerkleier van 'n gemeente. Van die rondreisende predikers het die evangelie suiwer uitgedra, ander was nie so suiwer nie en selfs vals.

**Johannes getuig van sy blydskap**. Hierdie blydskap was omdat hy van Gaius gehoor het wat nie net van die waarheid getuig het nie, maar in die waarheid **gewandel** het. Gaius het die waarheid gelewe.

**Elke Christen moet 'n getuie wees**. Ja 'n goeie een of 'n slegte een. Wat is 'n goeie getuie? Dit is een wat die waarheid verkondig en uitleef. Die waarheid is Jesus Christus. Joh 14:6 "Ek is die Weg, **die Waarheid** en die Lewe." Om 'n getuie te wees is om van Jesus Christus te getuig.

**Getuig jou lewe van die waarheid? Wandel jy in die waarheid?**
In **Jakobus 2:18** lees ons: "…Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon." Dit is hoe Gaius geleef het, sy geloof het gewys uit sy werke. Johannes getuig van vier praktiese sake hoedat Gaius gewandel het, geleef het in die waarheid en die waarheid uitgeleef het…

- **Gaius wat goeie werke gedoen het tot eer van God.**
  Gaius word beskryf as 'n vriend van Johannes wat hy waarlik liefhet.
  "Aan Gaius, ***my vriend,*** wat ek waarlik liefhet." Vers 1
  "Liewe Gaius,..." Vers 5

- **Gaius was geestelik gesond! vers 2**
  Johannes bid hom ook fisiese gesondheid toe net soos wat hy geestelike gesond is.
  Gaius se geestelike gesondheid het gelê in die feit dat hy God gevrees en geëer het en dat hy **in gehoorsaamheid en afhanklikheid in die waarheid GEWANDEL HET.**

- **<u>Gaius het goeie getuienis gehad</u>! vers 3,4**
  Daar is aan Johannes getuig of gerapporteer dat Gaius onverskrokke in en deur en vir die waarheid gelewe het.

**<u>Toepassing</u>**
Sou dit nie wonderlik wees as ons elkeen kon getuig van' n lewe wat ons in waarheid wandel nie, dat ons voorbeeldig en getrou is nie.

**Wat het van Gaius so 'n goeie lidmaat gemaak?**
- God se waarheid.
- God se waarheid was in hom.
- God se waarheid het hom vrygemaak om gehoorsaam te wees en te doen wat God wou hê hy moes doen.

- **Gaius het sekerlik geleef soos wat ons lees in <u>Psalm 1:1-3</u>**

1) "Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie,
2) maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.
3) Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak."

**<u>'n Lewe in die waarheid kom van die Lewende Waarheid.</u>**

- Jesus Christus is die waarheid. Joh 14:6
- Die Woord is die waarheid van God. Joh 17:17
- Die Heilige Gees is die Waarheid. 1 Joh 5:6
- Die Heilige Gees leer ons van die Waarheid.

Geliefdes dit is nie genoeg om net die Woord van God te hoor en te lees nie.
- Ons moet die Woord as 'n ware verteer, inneem en daaruit ons krag put.
- Ons moet in die Waarheid Wandel.
- Ons moet die Waarheid leef.

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: <u>gskruger1@gmail.com</u>***